Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

29 Mei 2026 Uitgawe: 7/2/2026

## UIT DIE KANTOOR

**Hokkieseisoen:**

Die kwartaal snel reeds vinnig weer na sy einde. Hierdie week is die rugby en netbal finaal afgehandel en het die skool sommer dadelik oorgeskakel na die hokkieseisoen.
Die eerste wedstryde vir die o/10 - o/13 spanne vind reeds die naweek van 12-14 Junie plaas.

Hokkie is die sportsoort by die skool waaraan die meeste leerders deelneem. Daar is dus heelwat logistieke reëlings wat getref moet word, daarom is kommunikasie van kardinale belang. Die skool maak ook van heelwat buite-afrigters gebruik, wat hoofsaaklik studente is wat self nog die spel speel. Daar is onderwysers wat as koördineerders optree wat help om al die reëlings deur te gee. Ouers moet asb. sorg dat hulle deel vorm van daardie betrokke ouderdomsgroep se Whats-App-groepe sodat hulle al die nodige kommunikasie betyds kan ontvang. Ek vra asb. dat ouers geduldig sal wees. Indien u enige navrae het, kan juf. Mianca Opperman of mnr. Riaan Bosch gekontak word.

**Eksamen:**

Soos reeds in verlede week se weekblad genoem, begin die eksamen vir die Gr. 4-7 leerders op Dinsdag, 9 Junie. Die leerders het reeds gister hul eksamenafbakening ontvang en die eksamenrooster is via die community-groep uitgestuur. Ons heg dit weer aan vir dié wat dit nie ontvang het nie.

Let asb. daarop dat die skool gedurende die eksamen normale tyd begin (7:30) maar daagliks om 12:00 verdaag. Leerders mag ook gedurende die eksamentyd met skoolsweetpakke skool toe kom. Nasorg gaan normaal voort.

**Fotodag:**


Die neem van eerste rondte sportfoto's verskuif na Maandag, 8 Junie. Ontvang aangeheg inligting rakende watter groepe en sportsoorte betrokke is.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 29 Mei: | Mangaung Metro Netbal-uitspele (sterkte aan ons o/13-span wat deelneem) |
| 30-31 Mei: | Voortrekker Spesialisasie-naweek en Kerkparade |
| 30 Mei: | Vrystaat Netbal-uitspele (indien ons span kwalifiseer) |
| 1 Jun: | UNISA Teorie-eksamen (enkele leerders) |
| 2 Jun: | Gr. 4 & 5 Redenaars |
| 3-4 Jun: | Boekuitstalling in saal |
| 5 Jun.: | GSF Redenaarsopleiding |

# VERJAARSDAE

2 Jun.: Juf. Jo-Retha Rossouw (Koor)



# ANDER

**Personeelsake:**

Juf. Elzanne Stadler (Gr. 4) het bedank en maak die einde van die kwartaal klaar. Hulle as gesin verlaat Suid-Afrika en gaan hul vir ‘n tydperk in die Verenigde Arabiese Emirate vestig. Ons wens hulle alle voorspoed toe met hierdie geleentheid.

Aansoeke vir haar pos het reeds gesluit en onderhoude vind reeds vandag plaas.

Tjokkies se terreinbestuurderspos het ook vakant geraak. Mnr. Greyling is dus nie meer in diens van die skool nie. Sy pos is ook reeds geadverteer en die aansoeke sluit vandag.

**Uitslae:**

Baie geluk aan ons senior koor o.l.v. juf. Jo-Retha Rossouw met hul puik optrede by vanjaar se ATKV Applous-kompetisie. Vanjaar was die beoordeling besonders streng. Ons is baie trots op ons koor met ‘n puik silwer prestasie.

# MAMMAS WAT BID

**Hou verby**

Psalm 91 laat my dink aan die seuntjie wat onder sy ma se rok wegkruip, weg van sy pa wat oppad is om pakslae uit te deel.

PSALMS 91:4 NLV

[4] Hy sal jou oordek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; Sy trou sal jou beskerm soos ’n skild.

In Eksodus 7-12 word God se groot krag, beskerming en liefde daarin gedemonstreer deurdat Hy onderskeid tref tussen die Israeliete en Egiptenare...geen van die 10 plae tref Israel nie!

Hoe wonderlik is dit om te weet, met God as ons Beskermer kan kwaad, siekte, rampe, onheil en nood maar verbyhou, want God is ons toevlug en veilige vesting (Psalm 91:2).

# SNUFFELS






Sien skakel aangeheg vir die advertensieblad.

ESTD THE 2009
ROSENDAL
COUNTRY RETREAT


# THE PERFECT PLACE TO CELEBRATE YOUR LOVE STORY!

We offer an authentic country experience with an emphasis on beauty and simplicity, from our architectural design to the food we serve. Our mission is to delight each guest with thoughtful touches and pleasant surprises throughout their stay. Experience a weekend of joyous celebration surrounded by the warmth of family and friends!










On-site, we can accommodate 34 guests, while the town of Rosendal offers over 30 guesthouses, all within walking distance of The Rosendal Country Retreat, ready to welcome the rest of your party.

CONTACT US ON: WEDDINGS@THEROSENDAL.CO.ZA